

TYE VAN DIE WERKWOORD

Lees die volgende sinne en sê of dit in die verlede tyd, teenwoordige tyd of toekomende tyd is.

Nommer van 1 tot 10 in jou boek en skryf die regte antwoord langs die nommer. Jy hoef nie die sinne oor te skryf nie.

1. Die seuns ry op hulle fietse. _____
2. Mamma het 'n heerlike koek gebak. _____
3. Ek sal vir jou 'n stukkie koek bring. _____
4. Die kinders het 'n wedstryd gespeel. _____
5. Ek stuur vir my maatjie 'n boodskap. _____
6. Die hond sal vir die skelms blaf. _____
7. Ouma het vir my 'n geskenk gestuur. _____
8. Susan was by die biblioteek en het boeke uitgeneem. _____
9. Dit is baie koud vandag. _____
10. Ek sal my huiswerk na skool doen. _____

LEESTEKENS

Skryf die paragraaf oor in jou boek en vul die korrekte leestekens in.

gedurende die desember vakansie het ons by familie in die noord-kaap
gekuier. ons het ons niggie en neefs jeanné danie en jacques gesien. oom
michael het ons na die groot gat in kimberley geneem. ons het so baie
pret gehad. ons het in die vaalrivier gaan swem want dit was verskriklik
warm. ons het maandag huis toe vertrek

TYE VAN DIE WERKWOORD

1. Teenwoordige tyd
2. Verlede tyd
3. Toekomende tyd
4. Verlede tyd
5. Teenwoordige tyd
6. Toekomende tyd
7. Verlede tyd
8. Verlede tyd
9. Teenwoordige tyd
10. Toekomende tyd

LEESTEKENS

Skryf die paragraaf oor in jou boek en vul die korrekte leestekens in.

Gedurende die Desember vakansie het ons by familie in die Noord-Kaap gekuier. Ons het ons niggie en neefs Jeanné, Danie en Jacques gesien. oom Michael het ons na die groot gat in Kimberley geneem. Ons het so baie pret gehad. Ons het in die Vaalrivier gaan swem, want dit was verskriklik warm. Ons het Maandag huis toe vertrek.